



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 15 * Nr 157 * JUNIE 2019

FB: Lourensrivier SeMense WEB: www.lourensrivier.co.za

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Rentmeesterskap	3
Reseptehoekie	4
Woekerhoekie	5
Gebedsaksie	6
Gebedsaksie	7
Mozambieknuus	8-9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

BYBELSE BEKERING:

Bybelse bekering is meer as net 'n denkverandering. Dit is deel van 'n totale lewensverandering wat deur God teweeggebring word. Soos egter die geval is met die meeste van die Here se heilsdade in ons lewe, het bekering twee kante – God s'n en die mens s'n. Dit is belangrik om hierdie twee kante te verstaan. God het die mens as 'n morele wese geskape, 'n wese wat keuses kan maak en vir of téén Hom kan besluit. God is egter die Een wat die inisiatief neem: Hý reik uit na die mens; Hý roep; Hý nooi. Die mens het egter die keuse oor hóé hy op hierdie uitnodiging gaan reageer, of hy vir die Here "ja" of "nee" gaan sê.

God neem inisiatief: Dit is belangrik dat ons ook ten opsigte van bekering hierdie soewereiniteit van God sal besef. Bekering is nie maar net iets wat van die mens se besluit afhang nie. Dis nie ons wat so hard na die Here gesoek het nie. Nee, Hý neem die inisiatief. Jesus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie." (Joh 6:44) Impliseer dit nou dat sommiges nie deur Hom 'getrek' word nie, m.a.w. nie deel van die uitverkorenes is nie en nooit 'n kans gekry het nie? Hieroor is die Bybel baie duidelik. Joh 3: 16 sê uitdruklik: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." God se begeerte dat alle mense gered sal word, is ook duidelik uit 2 Pet 3:9: "Die Here... wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."

God reik uit: Bekering begin dus by God wat in Sy groot liefde na die mens in sy verlore toestand uitreik. Dit het sy hoogtepunt op Golgota bereik. Laer as dit kan God nie buig nie. Duideliker as dit kan Sy liefdevolle bedoeling met die mens nie gedemonstreer word nie: "God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." Rom 5:8. Ek glo dat elke mens êrens tydens jou lewe op aarde deur die Here geroep word tot bekering – hetsy deur Sy algemene of besondere openbaring. Ongelukkig blyk dit dat die meeste mense nie "ja" sê op hierdie roepe van God nie. Indien ek hierdie liefdesuitnodiging van die Here ignoreer of verwerp, word ek 'n verwerpene; as ek dit aanvaar, word ek deel van die uitverkorenes. Dit is hoe ek Matt 20:16 verstaan: "Want baie is geroep, maar min uitverkies."

(Vervolg op bl 3)



Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self iets skryf?

Bydraes vir Junie 2019 moet Kerkkantoor voor 12:00 op Ma., 15/07/19 bereik!

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

BERG 80 VERJ: JULIE 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Mocke	Engela	07/07	86
Oberholzer	Dora	07/12	95
Van Heerden	Mime	07/13	89
Luyt	Hester	07/14	82
De Villiers	Ria	07/17	94
Kriegler	Joël	07/20	83
Van Wyk	Ben	07/23	81
Du Toit	Jan	07/28	88

Seënwense



FOKUS OP DIE HUWELIK

"Die huwelik is 'n leë houer wat leeg sal bly, tensy 'n mens meer daar insit as wat jy uithaal"
~ Onbekend ~


Vrouens, laat jou man graag wil huistoe kom.

Mans, laat jul vrouens spyt wees om jou te sien gaan.

Rom 15:7 Aanvaar mekaar dan,soos Christus julle ook aanvaar het,tot eer van God.

Marriage Box

Most people get married believing a myth that marriage is a beautiful box full of all the things they have longed for; companionship, intimacy, friendship etc. The truth is that marriage at the start is an empty box. You must put something in before you can take anything out. There is no love in marriage. Love is in people. And people put love in marriage. There is no romance in marriage. You have to infuse it into your marriage. A couple must learn the art and form the habit of giving, loving, serving, praising, of keeping the box full. If you take out more than you put in, the box will be empty.



(Vervolg van bl 1)

Sonde-oortuiging: Bekering is egter nie maar net 'n rasonale besluit wat 'n mens maak nie. Ware bekering kan slegs volg op opregte berou en dit kan alleenlik volg op 'n diep oortuiging van jou sonde en verloreheid. Hierdie oortuiging is die werk van die Heilige Gees. Jesus sê in Joh 16:8: "En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel." Dit is dus die Here wat roep en dis Sy Gees wat my oortuig van my sonde. Daarom is bekering méér as 'n verstandelike oortuiging; dis 'n omdraai na God toe – weg van 'n lewe en toestand van sonde en verloreheid na die Een wat alleen my kan vrymaak en red.

Wedergeboorte: Alhoewel 'n mens daarteen moet waak om God se saligheid in kompartemente te verdeel, kan 'n mens tog die volgende onderskei: God roep my; Sy Heilige Gees oortuig my van my sonde en verlore toestand en ek kom na Hom toe met erkenning en belydenis van my sonde, m.a.w. ek bekeer my tot Hom. Dis dán wanneer die Here deur Sy Gees die groot wonderwerk van wedergeboorte in my lewe bewerk – daardie 'nuwe geboorte' wat my gees lewend maak en my Sy kind maak. In kort dus – 'bekering' is my "ja" op die roepstem van die Here. En dis hierdie "ja" wat die Heilige Gees toelaat om in my lewe te kom en om my gees wat van nature dood was, lewend te maak, sodat ek ook Sy kind kan wees. Het jy al die Here se stem gehoor, dat Hy jou óók roep? En het jy al vir Hom "ja" gesê?

~ deur Isak Burger ~

Rentmeesterskap

Filippense 4:17-19

Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Betaalwyses vir alle bydraes

- ✦ Inbetaling by kerkkantoor (kaartfasiliteit ook nou beskikbaar)
- ✦ M.b.v. dienswerker
- ✦ Aftrekorder (reël self by bank)
- ✦ EFT

Oorweeg dit asb. ernstig om bydraes met debietorders te maak. Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar.



Jy kan ook die ZAPPER selfoontoepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir inligting of navrae: 021 853 5991 of fin@lourensrivier.co.za

Dankoffer Geleentede

Nagmaal

Februarie; Mei; Augustus;
November

Tiende: Oktober

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank
ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:

Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing:
Naam, wyk- of satellietnommer
Waarvoor bv. dankoffer, voedsel fees

RESEPTHEOEKIE

WENKE WAT WERK: As jy 'n ryk vrugtekoek maak, voeg 'n koppie warm, sterk koffie in plaas van melk by om die kleur van die koek te verdonker en die geur te verbeter.

KOOK MET KOFFIE:



ELSA SE GEKOFFIEDE VARKIE (VARKTJOPS MET KOFFIE)

Bestanddele

1 kg varktjops
1 koppie koekmeel
sout en peper
kookolie
2 uie, opgekap
2 eetlepels botter
6 teelepels kitskoffie
1 koppie kookwater
1 koppie asyn
½ koppie gouestroop
1 teelepel Bisto

Metode

Geur koekmeel met sout en peper en rol die tjops daarin.

Bak in olie in pan to bruin.

Pak tjops in vuurvaste bak.

Braai uie in botter.

Los die kitskoffie op in koppie kookwater, voeg die asyn, stroop en Bisto by, en roer goed.

Voeg dit in die pan by die gebraaide uie.

Meng goed.

Bedek die varktjops met die sous.

Bak toe in oond teen 150 grade vir 'n uur.

Dit is een van die gewidste resepte in die Huisgenoot resepte boek.



Bron: <http://www.rsg.co.za/resepte>

KOFFIEKOEK

4 Eiers Geskei
250 ml strooisuiker
40 ml sterk koue koffie
5 ml Vanielje geursel
125 ml Melk
125ml Olie
250ml Koekmeel
7,5 ml bakpoeier
1 ml sout

Koffie-roomversiering

250 ml room
60 ml koffiepoeier (of na smaak)
75 ml versiersuiker

Metode:

Koek

Voorverhit die oond tot 180°C

Klits die eiergele tot lig en sponserig en voeg suiker geleidelik by terwyl dit geklits word.

Klits koffie, melk, olie en vanielje geursel by Sif meel, bakpoeier en sout saam en roer liggies in by die eiermengsel. Klits eierwitte styf en vou liggies met metaallepel by die mengsel in

Skep beslag in 2 gevoerde panne van 20cm en bak vir 20 minute

Haal uit en laat afkoel eers in panne en dan op afkoelrakkie

Versiering

Klits die room styf en voeg die koffie poeier geleidelik by. Klits versiersuiker by tot die mengsel styf word.

Smeer die versiering tussen die lae en bo-op en garneer met amandels of versoete klapper wat bietjie in die oond gebak is (net om te verbruin)



Bron: Sarie uitknipsel van jare gelede

Plasing & Foto: Henriette Wessels / WATERTAND RESEPTEN VIR OUD EN JONK

Woekeerhoekie:



Tans te koop:

- ✚ Gevriesde klein quiche pasteitjies (6 in 'n pak) @ R40 elk
Dit kan vinnig in mikrogolf opgewarm word soos nodig
~ Roomgroente met kaas
- ✚ Groot gevriesde Hoenderpasteie @ R75 elk (6 oor)
- ✚ Skilferkors Marmite Rolletjies en stokkies @ R20 per pakkie
- ✚ Anna se heerlike Marmelade @ R35 (400ml)
- ✚ Canola & Olyfolie @ R85 OF Canola Olie @ R75 (500ml)
- ✚ Heuning @ R60 (400ml)



JC VORSTER

NB. Number on Church Calendar has changed to undermentioned:

08 444 65432

HEARING CARE

...for better hearing,

- **FREE hearing SCREEN tests during April**
- Medical aid rates • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water/ sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids

...and professional audiology services.

Spar/ Goede Hoop Centre. Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand, Shop 4



GEBEDSAKSIE VIR JULIE 2019 GEBEDSONDERWERP – GELOOF

Lees 1 Petrus 2&3

Hoe kan ons geestelik groei deur tye van swaarkry in ons lewe?



Petrus noem 6 sirkels van geestelike groei in hoofstuk 2-3:

1. Sorg dat jyself geestelik groei deur die “melk van die woord” – 2:1-3
2. Laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis vir die Here – 2:4-10
3. Dien God in die gemeenskap deur goed te doen – 2:11-17
4. Respekteer jou werkgewer en volhard in goeddoen in die navolging van Christus – 2:18-25
5. Bewys eerbied en respek aan mekaar in die huwelik – 3: 1 – 7
6. Wees bereid om selfs lyding te aanvaar ter wille van Christus: - 3: 8 – 22

Wanneer ons so lewe, sal ons seën ervaar, maar ook 'n seën vir ander wees! Dit alles geskied wanneer ons die voorbeeld van Jesus navolg. “Julle is immers hiertoe geroep ... Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat sodat julle in sy voetspore kan volg” (2:21).

1 Pet. 3: 13 – 17 praat van die gelowige se swaarkry in die lewe.

Hoeveel swaarkry kan 'n mens vat? Dink maar aan enige vorm van swaarkry – siekte, verlies van werk, finansiële probleme, familie probleme – kinders, of huwelik probleme. Sulke tye van swaarkry, maak ons moedeloos, ons sien nie kans om aan te gaan nie!

Ons kry in die Bybel 3 soorte swaarkry: dié van Job, Dawid en Daniël.

Job se swaarkry was omdat eksterne faktore alles wat hy gehad het en wat vir

hom kosbaar en dierbaar was, van hom weggeneem het. Baie van ons ken ook dié soort swaarkry.

Dawid se swaarkry was deur sy eie toedoen a.g.v. die storie met Batseba: sy eie sonde het gemaak dat hy swaarkry – ons ken ook dié soort swaarkry.

Daniël se swaarkry was ook as gevolg van iets wat hy gedoen het – hy het God gedien! Hy is in 'n leeu hok gegooi, net omdat hy getrou was om God te dien.

Petrus skryf sy brief vir gelowiges wat swaarkry as gevolg van hulle geloof – vir Daniël mense, om hulle te bemoedig.

Hy sê dat mense wie lyding ter wille van wat reg is, beleef, geseënd is. Ons moet nie die intimidasie van onkundiges en kwaadwilliges vrees nie. Die regte manier van optrede in sulke situasies is:

1. **Om die Here te eer en om wysheid van Hom te vra oor hoe om op te tree.**
2. **Terselfdertyd moet die mense wie verkeerd teenoor ons optree, met respek hanteer word.**
3. **Ons moet rekenskap gee van die hoop wat in ons leef.**
4. **Ons moet steeds voortgaan om goed te doen, selfs al beteken dit lyding.**

Vanaf vers 18 verbind Petrus ons lyding met Jesus se lyding deur te sê: “Ook Christus het eenmaal gely ..” Hulle kan moed skeep, hulle lyding is nie 'n alleen lyding nie, “Ook Christus het eenmaal gely ..” die verskil is net dat Jesus se lyding 'n “eens en vir altyd” lyding was.

Wanneer ons moedeloos is as gevolg van ons eie swaarkry, dan is Jesus se lyding vir ons baie ver en het dit amper nie vir ons betekenis nie.

(Vervolg op bl 7)

(Vervolg van bl 6)

Wat beteken dit vir my vandag terwyl ek so swaarkry en so moedeloos hier in my put sit? Hoe help Jesus se lyding vir my?

Sy lyding aan die kruis maak nie my probleme vandag alles reg nie. Hy herstel ongelukkig nie alle gebroke en stukkende huwelike nie; Hy maak nie al die siek mense gesond nie; Hy maak nie kindertjies wat tragies sterf, weer lewendig nie; Hy gee nie elke keer wanneer ons bid, vir ons reën nie.

Hoekom doen Christus dit nie? Die antwoord is baie duidelik: dit is nie waarom Christus na die aarde gekom het nie. (Hy is nie die goedige “Oupa-tipe” nie!) Hy het om een rede gekom: **“om ons na God toe te neem.”** Dit is Sy doel, Sy missie, Sy werk wat hy moes kom doen!

Die woorde van vers 18: *“om julle na God te bring”* was gebruik om die werk aan te dui van die “sekretaris” wat elkeen wat die koning wou sien, eers moes sif om uit te vind of sy saak dit regverdig om die koning daarmee te belas. Christus kom doen nou hierdie werk, maar tog is daar ’n verskil:

- **Hy wil almal na God toe neem.**
- **Hy gaan nog verder en wag nie tot ons kom aansoek doen om ’n afspraak met God te hê nie,**
- **Hy gaan uit en soek ons om ons na God te neem.**
- **Hy soek veral vir hulle wat moedeloos geword het omdat hulle aan die einde van hulle hoop en krag gekom het en kom stel ons voor aan God. Dan gaan Hy nog verder:**
- **Hy kom stel ons saak voor God, Hy hanteer ons saak namens ons;**
- **Hy kom maak vrede tussen ons en God; Hy kom sê dat Hy klaar die prys vir ons sonde betaal het;**

- **Hy kom sê dat ons sonder sonde is en dat ons skoongewas is.**

Hy het vir ons sondes gely, Hy wat onskuldig was, ly vir ons skuldiges, met een doel en dit is om ons na God te bring. Jesus het weer lewendig geword, Hy het oorwin – selfs tot in die doderyk weet almal dit! Hierdie boodskap moet daaglik aan alle mense verkondig word.

In swaarkry en moedeloosheid moet ons a.g.v. Jesus se lyding leer om op te kyk na Hom toe, om nie die ongelowige “*Hoekom?*” vraag te vra nie, maar liever die gelowige “*Wat wil u my leer?*” vraag in gebed aan Hom te vra. Hou jou oë vas op Jesus. Laat ons deur Jesus Christus se lyding leer hoe om ons swaarkry en moedeloosheid te hanteer.



Bron:

Chris van Wyk, gemeenteleraar by Somerstrand gemeente, Port Elizabeth

<https://bybelskool.com/1-petrus-2-groei-geestelik-deur-jesus-christus-se-voorbeeld-te-volg/>

Gebedsbrief 4-2019 | Makwe Mission

In April maand het ons 'n vergadering gehou met al die ouers. Eerstens om hulle in te lig oor die rede dat hulle



kinders nie meer daaglik met hulle werk by die huis opdaag nie. Ons het vir elkeen 'n klaswerkboek waarin sy/haar werk geplak word, sodat ons kan sien hoe die kinders vorder. Ons het die ouers aangemoedig om te kom kyk na die kinders se werk. Net een pa het kom kyk. By die vergadering het ons hulle ook ingelig oor die kinders se skooluniform. Ons het hempies en materiaal vir broekies en rompies geskenk gekry. Ons het egter besluit om die ouers 'n klein bedrag vir die uniform te laat betaal. Dit is om die "ons kry net sindroom" teen te werk en ook te maak dat hulle dan die klere sal oppas. Almal was baie ingenome met die uniform. Hierdie geld word in 'n fonds by die skool gehou en sal gebruik word waar nodig.



Na die vakansie het ons 'n een-tot-een evaluasie gedoen met die kinders om te weet wat hulle onthou en verstaan van wat in die vorige termyn geleer is. Sommige van hulle het totaal verstar en kon nie 'n woord uitkry nie. Daardie kinders het ons weer gevat nadat al die ander klaar geëvalueer is en die vrae weer aan hulle gevra. Hierdie keer het sommige darem woorde gevind. Daar is diegene wat nie 'n idee het van wat geleer is nie. Ons het onder andere die stories van Hanna en Naäman vertel. Een outjie het vir Hanna melaats gemaak en Naäman het gehuil oor 'n kind!.

Lewe na sikloon Kenneth en ander storms



In die vorige brief het ons bietjie gepraat oor die Sikloon. Die werklike omvang het ons eers besef toe ons self deur die area gery het.

Inligting vanaf ander nuusblaaie: "As Kenneth passed to the north of Comoros, it was packing sustained winds of around 140km/h with significantly higher gusts.... By 9:00 GMT, the winds around Kenneth intensified to 230-gusting-to 280km/h, making it equivalent to a category 4 hurricane."



Daar is mense en organisasies wat begin het om voedselhulp en seile vir tydelike skuiling uit te deel. Daar is egter mense twee weke na die sikloon aangetref wat, sedert die storm, nog geen voedsel hulp gekry het nie.

Een groep het gepraat van 'n bejaarde egpaar wat dood is net voordat hulle in die dorp kon kom met kos. Dit is baie hartseer en mens kan jou nie die verwoesting indink nie.
(Vervolg op bl 9)

(Vervolg van bl 8)

Ons het tweede week van Mei, op pad na die sinode sitting, deur 'n gebied gery waar die storm deur is. Dit was ook nie baie seker tot dae voor ons moes ry of ons sou kon deurkom nie. Ons het julle vertel van die brug op die EN1, wat stukkend was. Dit is intussen reggemaak en die dag daarna weer stukkend gery deur 'n trok. Daar is weer daar gewerk en die pad is nou oop met 'n tydelike brug en werk wat ernstig aan die gang is om weer 'n permanente struktuur in plek te kry. Die areas wat die ergste getref is is ons provinsiale hoofstad, Pemba en die distrikte van Macomia, Ibo, Quissanga, en nog 'n paar ander. Die syfers wat deurgegee is vanaf die regering, net na die sikloon, is dat die dodetal staan op 41, met 'n geraamde 35 208 huishoudings wat geaffekteer is deur die tragedie. Die sikloon het 2 930 huise verwoes en 'n verdere 32 034 beskadig. 193 klaskamers is verwoes wat 21 000 leerlinge beïnvloed. Die storm het 31 256 hektaar landerye oorstroom, en het 330 kragpale plat geslaan.

Quionga en Palma area het in die dae na die sikloon verby is, feitlik elke dag reën gekry. André wou Maandag (6 Mei) Palma toe gaan, maar kon as gevolg van die swaar reën nie ry nie. Dit sou te gevaarlik wees. Dinsdag het hy weer probeer. Nie lank nadat hy weg is nie, is hy weer terug. 'n Brug so 8km buite die dorp het weggespoel. Die plaaslike mense het dadelik ingespring en pale gepak en sand oorgegooi.

Met die onrus situasie deesdae kan mens nie so afgesny wees nie. André het Dinsdag middag gaan kyk en die bruggie was tydelik reggemaak. Ons moes op die laatste Woensdag ry Zambesia toe vir die sinode vergadering daar. Ons hoop was dat ons darem weer sou kon terugkom by die huis, want na ons vertrek uit Quionga het redelik baie reën geval. Met ons terugkeer vanuit Zambesia het ons 'n brug gevind wat mooi reggemaak is. Seker een van die maatskappye in Palma wat genader is om dit te doen

Dit is egter nie net hierdie fisiese storms wat ons beleef nie. Daar word nog sporadies gehoor van aanvalle deur die rebelle groep. Hulle ontsien niks en niemand nie. Tydens een geval was

mense op pad huis toe met iemand wat gesterf het. Die groep is aangeval en die vrou net so gelaat met haar man se lyk, terwyl die ander vermoor is of gevlug het. Daar is steeds na al die tyd slegs spekulasie oor wie verantwoordelik is. Soveel siele soveel stories.

Dan is daar ook die geestelike aanvalle wat daagliks plaasvind. Ons persoonlik beleef sulke aanvalle en ons sien dit ook nou in die tyd van Ramadan by die kinders in die skool. Kinders wat nog altyd geluister het as mens praat, weier nou om te luister en opdragte uit te voer. Ons het begin om soggens voor skool vir die kinders, die onderwysers, en die skoolprogram in te tree.

Maar al dreig die prentjie soms om baie donker en neerdrukkend te wees, weet ons sonder twyfel dat die Vader steeds sy hand oor ons hou en dat dit Sy beskermende hand is wat ons steeds veilig hou van onheil hier in Quionga. En is daar tog sommige van die kinders wat leer en verstaan en kan weergee wat hulle geleer het.

Gebedsversoeke:

- Bid vir die herbou proses na die sikloon
- Bid vir mense om nie moed te verloor nie
- Bid vir uitkoms met die onrus situasie

Danksegging:

- Dat ons die voorreg het om vir die kinders in die skool te bid
- Dat ons die voorreg het om kennis in die kinders in te bou
- Vir Sy beskerming elke dag

Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique

Epos: thiartaa@gmail.com

Facebook: Makwe Mission -


<http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

Webblad: www.qcx.org/Makwe_Mission

Celnr Moz: +258 86 68 42 675
+258 84 228 9038


Celnr SA: +78 348 1914 + Whatsapp
+73 909 5288 +Whatsapp

Noag vertrou op God



Genesis 8-9

BLOKKIESRAAISEL: Leesrooster Fokusteks: Galasiërs 5:1-25



DWARS

AF

1. Die hele wet word in een hiervan saamgevat
5. 'n Bietjie deurtrek die hele deeg
6. Laat die Gees ons gedrag ...
7. Dien mekaar hierin
8. Ons lewe moet deur Hom beheer word
10. Hy het ons vry gemaak
14. Een vrug van die Gees
16. Word hiervan vrygespreek
18. Skrywer van Galasiërs
19. Een praktyk van sondige natuur
2. Liefde gaan oor tot ...
3. Dié wat aan Jesus Christus behoort kruisig dit
4. Deur die Gees
5. Moet julle nie hieronder laat indwing nie
9. Ons moet hierin vasstaan
11. Koninkryk van God
12. God roep ons hiertoe
13. Vryheid moenie ... word nie
15. Al wat van belang is
17. Ons doen dit met mekaar

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za

Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

